

# IN DIE GRONDEISEHOF VAN SUID-AFRIKA

**RANDBURG**  
In Kamers: **GILDENHUYS R**

**SAAKNOMMER: LCC 58R/99**  
**MAGISTRAAT SAAKNOMMER: 1988/99**

In die hersieningsaak van

**J T A BASSON**

Eiser

en

**DAWID SMIT**

Eerste Verweerder

**FRANSINA SMIT**

Tweede Verweerder

---

## UITSPRAAK

---

**GILDENHUYS R:**

[1] Hierdie saak dien voor my op outomatiese hersiening ingevolge artikel 19(3) van die Wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg (Wet 62 van 1997).

[2] Die eerste verweerder was in diens van die eiser op die plaas Babylonstoren, Malmesbury. Sy verblyfsreg het uit sy diensooreenkoms met die eiser voorgespruit. Die tweede verweerder is die eerste verweerder se eggenote, en sy woon saam met hom.

[3] Die eiser het die eerste verweerder ontslaan. Die ontslag het uitloop op arbitrasieverrigtinge, en die arbiter het die volgende toekenning gemaak:

“In die lig van die getuienis is dit my bevinding dat die werkgever prosedureel onbillik opgetree het in die afdanking van die werknemer. Ek bevind egter dat die afdanking van die werknemer substantief billik was.

Die toekenning wat ek as billik beskou is soos volg:

Die werkgever word gelas om as vergoeding aan die werknemer te betaal, 'n bedrag wat die ekwivalent is van die lone wat die werknemer sou ontvang het vanaf die datum van sy afdanking op 1 Oktober 1998 tot en met datum van hierdie verrigtinge te wete 14 Januarie 1999.

Betaling van gemelde bedrag moet geskied binne 14 dae na datum van ondertekening hiervan.”

Luidens artikel 13 (1)(b) van die Wet op Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg moet die Hof 'n eenaar beveel om uitstaande lone of verwante bedrae aan 'n okkuppeerder te betaal wanneer die Hof 'n bevel vir die uitsetting van daardie okkuppeerder maak. Op die stukke voor my wil dit voorkom dat die aangeleentheid van moontlike uitstaande gelde nie aandag geniet het toe die Landdros sy uitsettingsbevel verleen het nie.

[4] Ek het navraag laat doen by die eiser se prokureurs of die bedrag wat ingevolge die arbitrasietoekenning verskuldig is, inderdaad betaal is. Die eiser se prokureur, Mr Ferreira, het my vandag telefonies meegedeel dat die bedrag nie betaal is nie, en dat dit R2 175.00 beloop.

[5] Die Landdros het die volgende bevel in die saak gemaak: -

“Ingevolge artikel 10 van die Wet word dit beveel

- (a) dat eerste en tweede Verweerder en hul een minderjarige kind die woning wat hul te plaas Babylonstoren Malmesbury bewoon ontruim.
- (b) Ingevolge Artikel 12(1)(a) van die Wet word dit gelas dat die eerste en tweede Verweerder die betrokke woning voor of op 27 September 1999 moet ontruim.
- (c) Ingevolge Artikel 12(1)(b) van die Wet word dit gelas dat die uitsettingsbevel op 28 September 1999 uitgevoer kan word indien die eerste en tweede Verweerder nie die woning op 27 September 1999 ontruim nie.
- (d) Koste toegestaan soos versoek.”

[6] Vir redes soos voormeld, bekragtig ek die Landdros se bevel (a), (b), (c) en (d) gedateer 3 September 1999, en voeg ek die volgende verdere bevel, genommer (e), daar by:

- “(e) Die Eiser moet, voordat die uitsettingsbevel kragtens par (c) uitgevoer word, die bedrag van R2 175 aan die Eerste Verweerder betaal, synde die ekwivalent van lone soos na verwys in die arbitrasietoekenning van 24 Maart 1999.”

---

**REGTER A GILDENHUYS**

**22 September 1999**